



# DISSIPLINÊRE KODE



Dissiplinêre stappe teenoor 'n leerling wat hom skuldig maak aan wangedrag, lees soos volg:

- Fase 1: Dissiplinêre register
- Fase 2: Finale waarskuwing
- Fase 3: Tydelike skorsing - 10 skooldae
- Fase 4: Permanente skorsing

Die skoolhoof en adjunkhoofde is die liggaam wat optree as Tugkomitee.

Elke dissiplinêre geval word op meriete hanteer en dit kan gebeur dat die tugkomitee besluit om sekere fases oor te slaan na gelang van die graad van die oortreding.

Hier volg dan 'n bondige verduideliking van wat elke fase beteken en die konsekwensies wat dit vir die betrokke leerling mag inhou.

## Fase 1: Dissiplinêre Register

- Die opsigters/onderwysers hou 'n dissiplinêre rekord van elke leerling in die kantoor. Die datum van die oortreding word noukeurig aangeteken, asook die aard van die oortreding. 'n Gepaste korrektiewe optrede word aan die leerlinge gegee in lyn met die aard van die oortreding.
- Met 'n ernstige oortreding (200 punte) wat in die dissiplinêre register opgeskryf word, word die leerling se ouers skriftelik daarvan verwittig.
- Met die volgende oortreding (300 punte) wat in die dissiplinêre register opgeskryf word, word die leerling se ouers skriftelik verwittig om 'n afspraak met die skoolhoof te maak. Hierdie afspraak word aan die Direksie rapporteer.
- Leerlinge wat vir 'n jaar na die laaste inskrywing in die dissiplinêre register geen verdere oortreding begaan nie, kan met 'n skoon rekord begin binne die diskresie van die skoolhoof. Die jaar loop oor in 'n volgende skooljaar indien nodig.

## Fase 2: Finale Waarskuwing

- Indien 'n leerling 'n verdere oortreding begaan (400 punte), selfs nadat die skoolhoof 'n afspraak met die leerling se ouers nagekom het, sal sodanige leerling 'n skriftelike finale waarskuwing van die skoolhoof ontvang.
- Die leerling se ouers sal hierdie skriftelike waarskuwing saam met die leerling erken deur dit te teken.
- Die skoolhoof rapporteer hierdie optrede aan die Direksie.

### **Fase 3: Tydelike skorsing - 10 dae**

- Indien 'n leerling egter voortgaan om dissiplinêre probleme te gee, selfs nadat sodanige leerling 'n finale skriftelike waarskuwing ontvang het, word sodanige leerling se oortredings voor die tugkomitee gelê.
- Na gelang van die oortreding kan die tugkomitee vir die direksie aanbeveel om hierdie leerling tydelik te skors tot 'n maksimum van tien (10) skooldae.

### **Fase 4: Permanente skorsing**

- Indien 'n leerling egter voortgaan om dissiplinêre probleme te gee, selfs nadat sodanige leerling vir 'n tydperk tot en met twintig (20) skooldae tydelik geskors is, word sodanige leerling se oortreding voor die Direksie gelê.
- Die Direksie hanteer elke dissiplinêre saak op meriete, maar is by magte om 'n leerling permanent te skors.

Dit is belangrik dat ouers en leerlinge beseft dat 'n leerling aan 'n korrektiewe stelsel onderwerp word, wat die leerling wil lei om sy eie wangedrag te beseft en reg te stel. Elke leerling word as 'n individu op meriete hanteer.

Wanneer 'n leerling hom egter skuldig maak aan wangedrag in die ergste graad, is die skoolhoof by magte om sodanige leerling soos volg te hanteer.

### **Erge Wangedrag**

- Wanneer 'n leerling skuldig bevind word aan erge wangedrag kan sodanige leerling dadelik voor die Dagbestuur van die skool verskyn wat dan sal optree as Tugkomitee.
- Die Dagbestuur van die skool is by magte om enige fase van die dissiplinêre kode te hanteer.
- Die volgende oortredinge word beskou as oortreding in die ergste graad:

Besit of gebruik van sigarette

Besit of gebruik van alkohol

Besit of gebruik van dwelms / narkotiese middels

Besit of gebruik van pornografie of die verspreiding daarvan.

Skuldigbevinding aan 'n kriminele oortreding

Gewelddadige optrede by skoolfunksies

Gewelddadige optrede binne en buite skoolverband

Brutale, arrogante/astrante optrede teenoor enige personeelid van hierdie skool

Herhaalde afwesigheid sonder enige verskoning vanaf die skool wat aanleiding gee tot onderprestasie

Optrede wat kan lei tot 'n swangerskap / seksuele wangedrag

Okkultiese of satanistiese bedrywighede

Steel/vandalisme

Onvanpaste gebruik van 'n selfoon